



# BEKOORLIKE KLOSKANT (4)

*In die vorige drie uitgawes van ROOI ROSE het die eerste drie lesse in 'n reeks bestaande uit ses lesse oor die maak van kloskant verskyn. In les vier in dié uitgawe word aanwysings gegee vir die maak van 'n boekmerk*

**R**OOI ROSE se kloskantreeks is deur mev. Ine Meereboer en Marie Potgieter saamgestel en laat toets. Navrae moet aan dié twee dames gerig word by die volgende adresse: Mev. Ine Meereboer, Dovestraat 33, Horisonpark, Roodepoort, 1724, Tel. (011) 763-3175, of mev. Marie Potgieter, Kilburnstraat 105, Horison, Roodepoort, 1724, Tel. (011) 760-1429.

## KLOSKANTTERME

**Kruis** (cross) – linkerklossie oor regterklossie  
**Draai** (twist) – regterklossie oor linkerklossie  
**Linnesteek** (whole stitch) – kruis; draai; kruis  
**Dubbele halwe steek** (whole stitch;

twist) – kruis; draai; kruis; draai  
**Halwe steek** (half stitch) – kruis; draai  
**Torchon: 1e grondsteek** (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai  
**Torchon: 2e grondsteek** (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai; DRAAI

## LES 4 BOEKMERK

**Benodigdhede:** Vir die groot patroon – hekelgare nr. 60; vir die klein patroon – Zwicky- of D.M.C. nr. 60-katoengare. Kunsveselgare word nie vir kloskant gebruik nie, aangesien dit rek.  
 12 pare klossies met 1 m gare per paar, d.w.s. 50 cm gare per klossie  
 2 pare klossies met 2,5 m gare per paar, d.w.s. 1,25 m per klossie  
**Steke wat gebruik word**  
**Grondsteek** (dubbele halwe steek) – kruis; draai; kruis; draai; speld; kruis; draai; kruis; draai  
**Waaiers** (linnesteek) – kruis; draai; kruis; vir die versiering in die waaier – 'n draai in die weefpaar  
**Spinnekop** – 3 draaie vir die pote en linnesteek vir die lyf

**Stap 1**  
 1 paar klossies elk  
 Hang om opstelkopspele A, B, C, D, G, H, I en J.  
 Hang 1 weefpaar elk om opstelkopspele E en K.  
 Hang 2 pare klossies elk om opstelkop-

spelde F en L.

Draai al die pare 1 keer.

### Stap 2

Werk punt 1 in grondsteek met die pare van A en G.

### Stap 3

Werk punt 2 in grondsteek met die pare van punt 1 en B.

### Stap 4

Haal opstelkopspele A en G uit en trek die drade reg sodat die lus netjies om punt 1 vorm.

### Stap 5

Werk punt 3 in grondsteek met pare van punt 2 en C.

### Stap 6

Haal opstelkopspele B uit en trek die drade reg.

### Stap 7

Werk punt 4 in grondsteek met pare van punt 3 en D.

### Stap 8

Haal opstelkopspele C uit.

### Stap 9

Werk punt 5 in grondsteek met pare van punt 4 en E.

### Stap 10

Haal opstelkopspele D en E uit.

### Stap 11

Werk punt 6 in grondsteek met pare van punt 1 en H.

### Stap 12

Haal opstelkopspele H uit.

### Stap 13

Gaan voort met grondsteek totdat punt 10 klaar geklos is.

### Stap 14

Werk punt 11 en grondsteek met pare van punt 6 en I. Haal opstelkopspele I uit.

### Stap 15

Werk verder in grondsteek totdat punt 15 klaar gewerk is.

### Stap 16

Werk punt 16 in grondsteek met pare van punt 11 en J. Haal die opstelkopspele J uit.

### Stap 17

Werk verder in grondsteek totdat punt 20 klaar gewerk is.

### Stap 18

Werk punt 21 in grondsteek met pare van 16 en K. Haal opstelkopspele K uit.

### Stap 19

Werk verder in grondsteek totdat punt 25 klaar gewerk is.

## WAAIER NR. 1

### Stap 20

Werk nou die waaier aan die linkerkant soos volg – draai die pare van punte 5, 10, 15, 20 en 25 1 keer.

### Stap 21

Gebruik die paar van punt 5 as weefpaar en werk die linnesteek met 1 paar van F.

### Stap 22

Draai die weefpaar 1 keer en werk die dubbele halwe steek met die laaste paar van punt F.

### Stap 23

Draai die weefpaar 1 keer en steek die speld in op punt 26.

**Stap 24**

Haal opstelkopspeld F uit en trek die drade reg.

**Stap 25**

Werk die dubbele halwe steek (kruis; draai; kruis; draai) met die 1e paar.

**Stap 26**

Werk die linnesteek met die volgende paar en die paar van punt 10, draai die weefpaar 2 keer en steek die kopspeld in op punt 27.

**Stap 27**

Werk linnesteek tot voor die laaste paar by punt 28. Draai die weefpaar 1 keer en werk die dubbele halwe steek met

die laaste paar. Draai die weefpaar 1 keer en steek die kopspeld op punt 28 in. Gaan so voort tot punt 40 klaar gewerk is.

Die versiering in die waaier word verkry deur by die 1e en laaste steek van elke ry aan die buitekant die weefpaar eers 1 keer te draai en dan die dubbele halwe steek te werk.

**WAAIER NR. 2 (regs)****Stap 28**

Volg die werklyne op die patroon. Maak die versiering aan die buitekant van die waaier. Begin met die paar van punt 21

as weefpaar. Werk soos volg deur die 1 paar van punt L: kruis; draai; kruis.

**Stap 29**

Draai die weefpaar 1 keer, draai die laaste paar van punt L 1 keer en doen die dubbele halwe steek met die laaste paar.

**Stap 30**

Draai die weefpaar 1 keer en steek die kopspeld in op punt 41.

**Stap 31**

Haal opstelkopspeld L uit en trek die drade reg.

**Stap 32**

Werk terug na punt 42 met die dubbele halwe steek met die 1e paar en die res in linnesteek.

**Stap 33**

Neem pare in op punt 42, 44, 46 en 48.

**Stap 34**

Gooi pare uit op punt 48, 50, 52 en 54. Pare wat uit die waaiers kom, moet 1 keer gedraai word.

**Stap 35**

Werk punt 56 met pare van 33 en 48 in dubbele halwe steek. Steek die kopspeld in op punt 56 en maak die speld toe met die dubbele halwe steek.

**Stap 36**

Werk punt 57 in dubbele halwe steek met die pare van 35 en 56.

**Stap 37**

Werk punt 58 in dubbele halwe steek met pare van 37 en 57.

**Stap 38**

Werk punt 59 in dubbele halwe steek met pare van 39 en 58.

**Stap 39**

Begin weer bo en werk punt 60 met die regterkantste paar van punt 56 en die paar van punt 50.

**Stap 40**

Werk punt 61 in dubbele halwe steek met die pare van punt 60 en 52.

**Stap 41**

Werk punt 62 in dubbele halwe steek met die pare van punt 61 en 54.

**SPINNEKOPSTEEK**

Die spinnekopsteek word met die 4 pare van punt 58, 57, 60 en 61 geklos.

**Stap 42**

Draai die pare van punt 57, 58, 60 en 61 3 keer vir die pote. Die 4 pare waarmee jy op 'n slag werk, word telkens van 1 tot 4 genommer (foto 1).

**Stap 43**

Werk die linnesteek met paar 2 deur pare 3 en 4 (foto 2).

**Stap 44**




Werk die linnesteek met paar 1 deur pare 2 en 3 (foto 3). Steek speld 63 tussen pare 2 en 3 in (foto 4). Trek al die pare styf (2 of 3 keer) om die kopspeld (foto 5).

**Stap 45**

Nummer die pare weer van 1 tot 4. Werk die linnesteek met paar 2 deur pare 3 en 4.

**Stap 46**

Werk die linnesteek met paar 1 deur pare 2 en 3. Trek elke paar 2 tot 3 keer styf op die kussing – daar moet geen lusse wees nie. Nou is die lyf van die



# BEKOORLIKE KLOSKANT (4)

spinnepkop geklos met 'n kopseld in die middel.

## Stap 47

Draai die 4 pare waarmee die spinnepkop se lyf geklos is 3 keer (foto 6).

## Stap 48

Werk punt 64 in dubbele halwe steek met die 1 paar van punt 62 en die 1 poot van die spinnepkop (foto 7).

## Stap 49

Werk punt 65 in dubbele halwe steek met die 1 paar van punt 64 en die 1 poot van die spinnepkop.

## Stap 50

Werk punt 66 in dubbele halwe steek met die 1 paar van punt 59 en die 1 poot van die spinnepkop (foto 8).

## Stap 51

Werk punt 67 in dubbele halwe steek met die 1 paar van punt 66 en die 1 poot van die spinnepkop.

## Stap 52

Werk punt 68 in dubbele halwe steek met die 1 paar van punt 67 en die 1 paar van punt 65 (foto 9).

## Stap 53

Klos nou waaier 3 en 4 soos waaier 1 en 2 (foto 10). Werk dan die spinnepkop in die middel. Hou so aan tot die laaste waaier geklos is.

## Stap 54

Klos nou die laaste deel in die middel net soos die grondgedeelte aan die begin van die boekmerk. Werk van regs bo na links onder. Werk punt 1 met 1 paar van linkerkanste waaier en 1 paar van regterkantste waaier in dubbele halwe steek.

## Stap 55

Werk punt 2 met 1 paar van die linkerwaaier en 1 paar van punt 1.

## Stap 56

Werk punt 3 met 1 paar van die linkerwaaier en 1 paar van punt 2.

## Stap 57

Werk punt 4 met die regterkantste paar van punt 1 en 1 paar van die regterkantste waaier.

## Stap 58

Werk punt 5 met die regterkantste paar van punt 2 en 1 paar van punt 5.

## Stap 59

Werk punt 6 met die regterkantste paar van punt 3 en 1 paar van punt 5.

## Stap 60

Werk punt 7 met die regterkantste paar van punt 4 en 1 paar van die regterkantste waaier.

## Stap 61

Werk punt 8 met die regterkantste paar van punt 5 en 1 paar van punt 7.

## Stap 62

Werk punt 9 met die regterkantste paar van punt 6 en 1 paar van punt 8.

## Stap 63

Met die weefpaar aan die regterkant van die regterkantste waaier, klos deur

3 pare van die waaier en die paar van punt 7. Steek die kopseld in op punt 10 en draai die weefpaar 2 keer.

## Stap 64

Werk heen en weer in linnesteek en neem telkens 1 paar in voor punt 12 en 14. Werk tot by punt 22, maar moet nog nie 'n kopseld insteek nie.

## Stap 65

Met die weefpaar aan die linkerkant van die linkerkantste waaier, klos deur 3 pare van die waaier en 1 paar van punt 3 en steek die kopseld in op punt 16. Werk heen en weer in linnesteek en neem telkens 1 paar in voor punt 18 en 20. Werk tot by punt 22, maar moet nog nie 'n kopseld insteek nie.

## Stap 66

Klos nou met die weefpare van albei kante af 'n linnesteek en steek 'n kopseld in op punt 22.

## Stap 67

Werk die 1 weefpaar na punt 23 en werk die ander weefpaar na punt 24.

## Stap 68

Werk nou weer albei weefpare na binne na punt 25 in linnesteek. Steek die kopseld in en maak weer 'n linnesteek.

## Stap 69

Knoop al die pare 2 keer. Vleg 'n lang stert en knoop dit onderaan of maak met 1 van die klossies knoopsgatsteek bo-oor al die ander pare vir ongeveer 1 cm. Los garedrade ongeveer 10 cm lank en knip die klossies af. Haal die kopselde uit.

Mikrogolf

Boerekos



## MY GEHEIM? 'N PUIK RESEPTEBOEK MET

- ★ ± 200 liplek-lekker resepte vir maaltye van ontbyt tot slaapyd.
- ★ Eenvoudige aanwysings.
- ★ Nuttige wenke, tabelle, gidse.
- ★ Beproeftde resepte, geskik vir enige tipe mikrogolfoond.
- ★ Omskepping vir gebruik in gewone oond.
- ★ Grootte van boek, 21 cm x 30 cm.
- ★ Beskikbaar in Engels en Afrikaans.

## BOEREKOS OP SY BESTE!

**Slegs R18,00 (alles ingesluit).**

Hierdie resepteboek is ten alle tye beskikbaar.

Bestel nou van: Ilza Bunting, Posbus 2212, Potchefstroom 2520.

Tel. (0148) 24520. Ingeslote is my posorder/tjek vir R18,00.

Naam: .....


Adres: .....

.....

Kode: .....

Afleweringstermyn 14 dae. - Geld terug waarborg.  
Nieuwstraat 58, Potchefstroom.

RR7/6/89



## Skitterblink skoene op sy beste met... 'plush' 200 Vloeibare Waks (Die Oorspronklike)

'Plush' sal jou skoene ongeveer 200 keer poets uit een enkele bottel - jy kry die blinkste glans ooit, saam met gehalte en ekonomie:

**'Plush' kitsglans - die skitterendste naam in skoensorg met die nuwe lang werkende aanwender.**



**Die skoenroom wat jou skoene met die grootste sorg behandel. 'Plush' - die skoenroom wat puike gehalte skoene verdien.**

Beskikbaar by al die voorste verkopers van skoensorg. LIQUI-SEAL (EDMS) BPK. TEL: (011) 792-4387. FAKS: (011) 792-4389.

HARWOOD XK 187/R